

Die  
bekgeveg  
handel oor meer as 'n  
stokou storietjie van  
skaars twee bladsye.

# Twee here moet liefes hou by hekelwerk en filatelie

**V**erreweg die uitdagendste letterkundekursus wat ek vanjaar aanbied handel oor ouer Afrikaanse kortverhale.

Die laaste weke het ek saam met tweedejaars Uys Krige se “Dood van die Zoeloe” aangedurf. Dit was emosioneel uitmergelende leesstof, vir my én vir die studente. Ek weet, want ons het daarvoor gepraat.

Terwyl universiteite hul maniere van dink en doen heroorweeg, is die luukse van lesings waar dosente en studente saam in een vertrek sit, om verskeie redes onder beleg. Voorlopig bly dit egter een van die groot vreugdes van die akademie: Dat ons mekaar in die oë kan kyk en kan praat.

Krige se verhaal, oor 'n ontmoeting tussen 'n wit Suid-Afrikaner en 'n swart kryger by die Slag van Tobruk, is in 1962 gepubliseer. In my lesings kontekstualiseer ek: Die politieke woelinge van 1962, die deelname van swart Suid-Afrikaners aan die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, die Krige-oeuvre, die protesletterkunde van Sestig.

Die gesprek gooi wye draaie oor dekades heen: Die Ossewabrandwag, die herdenking van die *SS Mendi*, die Nazi's se afsonderlike kampe vir wit en swart krygsgevangenes, bloemlesings, kanoniseerders, 'n gedekoloniseerde leerplan.

En verder? Wat maak 'n wit dosent met 'n verhaal waarin raspejoratiewe voorkom, veral wanneer sy staan voor 'n klas waarvan verreweg die meeste studente swart en bruin is? Ek sluk aan die knop in my keel, ek kry skaam, ek trek lyne en skets kontekste en ek luster.

Dink hulle die verhaal kan geles word as 'n protesverhaal teen die apartheidsbeleid? (Die meeste dink nie so nie, een gebruik die term “wensdenkery” vir só 'n interpretasie). Hoort so 'n verhaal in die leerplan? (Hulle is verdeeld hieroor). Hoort dit in die bundel? (Hulle besluit nog). Moet die raspejoratiewe verwyder word? (Verdeeldheid).

Ons moet en sal nog uitkom by Toon van den Heever se “Werkstaking by die kleigat”, waaroor die Stellenbosse akademici Anton van Niekerk en Nico Koopman pas verklaar het dat dit rassisties is en nie tuishoort in *Die Afrikaanse kortverhaalboek* nie.

Helaas het hierdie twee here met hul meningstuk illustreer dat hulle die literatuurkritiek as stokperdjie liefes moet verruil vir seëlversameling of hekelwerk-



Sonja Loots

## Die ander kant

kies, want hul poging tot verhaalanalise sal selfs op tweedejaarsvlak sleg afsteek.

Onversigtig, oorhaastig en oppervlakkig, meen prof. Willie Burger van Tukies. Gewoon slordig, oordeel John Miles. Brutale verdagmakery, skryf 'n jong akademikus; en 'n mislees van belangrike verhaalelemente, aldus die bloemleser Braam de Vries.

Die bekgeveg handel oor meer as 'n stokou storietjie van skaars twee bladsye. Natuurlik is dit irriterend dat Van Niekerk en Koopman soos spreekwoordelike bul(le) in 'n porseleinwinkel 'n akademiese terrein binnebars waarvan hulle min verstand het en waar fyner voetwerk as die losgemaal van hul ongepoetste hoewe die norm is.

Die temperatuur loop ekstra hoog omdat Van Niekerk, een van die voorstanders van die verwydering van Afrikaans as onderrigtaal aan die Universiteit Stellenbosch, en Koopman, viserektor van transformasie aan dieselfde universiteit, 'n politieke spel speel.

Deur die kastige onnadenkendheid uit te wys van 'n gerekende Afrikaanse bloemleser en die Afrikaanse dosente wat skynbaar kritiekloos jeens rassistiese verhale staan, kan hulle wys hoe insigryk en polities gesofistikeerd hulle is.

Wanneer ek in die weke wat voorlê my lesings oor ouer Afrikaanse kortverhale voortsit, sal dit wees teen die agtergrond van 'n debat waarin die studente se stemme nog nie gehoor is nie.

Uit klasgesprekke weet ek reeds dat baie van hulle nie noodwendig saamstem dat Krige en Van den Heever protesverhale geskryf het nie. Ek wonder hoe hulle gaan reageer as ek Louis Venter se term “Afrikaanse skaamteprosa” gebruik om te redeneer dat sommige verhale in die bundel tuishoort omdat hulle inbeur teen die groot vergeet.

Terwyl ek vir hulle skakels stuur na die menings van ou, wit oompies (sommige van wie ek baie hou), neem ek my 'n paar dinge voor.

Van die studente verwag ek dat hulle sorgvuldiger moet lees as Van Niekerk en Koopman; en van myself om oop te staan vir reaksies van verontwaardiging, seerkry en woede.

Ek sal hulle ook daarop wys dat besluite oor watter verhale in bloemlesings van die toekoms hoort, op die lange duur hulle s'n is.

Die kanoniseerders van die toekoms is nie ek of my kollegas nie; en genadiglik ook nie die twee Stellenbosse predikers wat so graag van die kansel af met die wysvinger swaai nie.

■ **Dr. Sonja Loots doseer letterkunde aan die Universiteit van Kaapstad.**